

DORMER SKAAPTELESGENOOTSKAP VAN SA**NASIONALE VEILINGSREËLS****SATERDAG 10 SEPTEMBER 2016**

Kennis geskied hiermee dat die jaarlikse Nasionale Veiling van Dormerskape aangebied word:

OP	Saterdag 10 September 2016 om 11h00
TE	Bloemfontein Skougronde
AFSLAERS	BKB Louwid Kroonstad
INSKRYWINGSFOOI	R150 per ram R120 per ooi
SLUITINGSDATUM : INSKRYWINGS	Donderdag 4 Augustus 2016
BEVESTIGING VAN DIERE NA VEILING	Maandag 29 Augustus 2016
LAATSTE AANKOMS	Vrydag 09 September 2016 voor 07:00
SKAPE GEREED VIR KEURING	Vrydag 09 September 2016 om 08:00

Inleiding

1. Dit is vir die Dormer Skaaptelersgenootskap van SA aangenaam om sy 44ste Nasionale Veiling aan te bied.

Onder Beskerming van die Genootskap

2. Die term “Onder Beskerming van die Dormer Skaaptelersgenootskap van SA” beteken dat die Genootskap die egtheid van die teel- en prestasiegegewens van die elke dier, soos in die amptelike katalogus verskyn, gekontroleer het en dat ’n span keurders aangestel deur die Raad, nie langer as vyf (5) dae voor die veiling nie, elke dier geïdentifiseer en visueel geïnspekteer het vir veilingswaardigheid en as geskik verklaar het vir oordrag aan ’n nuwe eienaar. Die Genootskap kan egter nie verantwoordelikheid aanvaar vir enige verborge gebreke, siektetoestand, vrugbaarheid en of dragtigheids-status van enige van die skape wat aangebied word nie, dit bly die verantwoordelikheid van die verkoper.

Algemene Veilingsreëls

3. Alle opbetaalde lede van die Genootskap is geregtig om diere op die veiling aan te bied.
4. ’n Inskrywingsfooi van R150 per ram en R120 per ooi sal gehef word op alle diere ingeskryf (insluitend reserwes) wat vir advertensie en reklame van die veiling gebruik sal word. **Telers se rekenings word gedebiteer met inskrywingsfooie soos van toepassing.** Die afslaaers hanteer die reklame-aksie t.o.v. die veiling in samewerking met die betrokke raadslede.

Bylaag B

5. **Slegs geskrewe behoorlik voltooide inskrywings onder dekking van 'n brief, telefaks of e-pos wat voor middernag van Donderdag 04 Augustus 2016 ontvang is sal aanvaar word. Geen telefoniese inskrywings of opdragte is aanvaarbaar nie. Sien aangehegte Inskrywingsvorm!**
6. Die veilingkatalogus wat deur SA Stamboek voorberei en deur die afslaers gedruk word, moet **(2) twee weke** voor die veiling gereed en beskikbaar wees. Daar moet streng gehou word by die sluitingsdatum vir inskrywings, aangesien die Genootskap eers 'n konsep katalogus moet opstel, dit aan die verkopers moet sirkuleer vir korrektheid en daarna dit finaal moet goedkeur alvorens dit aan die Afslaers deurgegee kan word vir reproduksie. Ons versoek u om stiptelik te reageer op versoeke van die Genootskap in die verband. **Dit is elke teler se verantwoordelikheid om te sorg dat hulle diere se data en syfers voor die afsnydatum van die inskrywings reg is. Alle inligting wat benodig word vir die katalogus (speenindekse en of ander data) sluit ook op Donderdag 04 Augustus 2016. Hierna sal GEEN veranderinge of regstellings gedoen word nie.**
7. Alle diere wat in die maand van die veiling 12 maande of ouer is, sal aanvaarbaar wees vir die Nasionale Veiling.
8. Ooie moet nie ouer as 4 jaar wees nie en moet die verkoper se eie teling wees. M.a.w. ooie gebore in **2012** en jonger kwalifiseer.
9. Alle ooie twee jaar en ouer moes ten tye van die veiling reeds gelam het, sigbaar dragtig of dragtig gesertifiseer wees.
10. Waar daar ooie met lammers aangebied word, kan die lammers die ooi diskwalifiseer as hulle prulfoute het en nie aan die minimum rastaandaard voldoen nie. Lammers mag nie ouer as 100 dae op die dag van die veiling wees nie en alle lammers gebore tot voor die dag van die veiling moet reeds aangeteken wees by Stamboek. Die nommers van lammers moet duidelik deur die afslaers aangekondig word tydens die verkoop van die spesifieke lot.
11. **Alle diere, asook lammers van ooie wat ingeskryf word, moet duidelik getatoeër wees. Diere wat nie duidelik en leesbaar getatoeër is nie, sal nie aanvaar word nie.**
12. **Wollengte mag nie 30mm oorskry nie.** 'n Wolgroeï van 6 - 8 weke en met die masjien geskeer vertoon goed. Let wel lede moet daarop bedag wees dat skape nie aangeskeer mag wees nie.
13. Slegs gekeurde volgeregistreerde SP diere word aanvaar. **Keurings moet reeds op die Logix stelsel wees met die sluitingsdatum of die nodige getekende keuringsvorms moet die inskrywings vergesel.**

Bylaag B

14. Beide ooie en ramme wat vir die veiling ingeskryf word, moet amptelik prestasiegetoets wees. Ingevolge die Nasionale Vleisskaapprestasietoetskema. Beide ramme en ooie moet 'n minimum speen indeks van 90 hê.
15. Embrio diere wat op die Nasionale Veiling aangebied word se naspeen indeks moet bo 90 wees en/of twee van die nageslag van die moeder moet 'n minimum speen indeks van 90 hê.
16. As die verkoper enige saad of aandeel van enige ram terughou, moet die verkoper dit verklaar voordat die dier opgeveil word.
17. Finale keuring sal streng in terme van veilingswaardigheid asook die Standaard van Voortreflikheid gedoen word. **Die beslissing van die Keurderspaneel sal finaal wees.**
18. Alle diere wat afgekeur is moet onmiddellik uit die **krale** verwyder word en mag onder geen omstandighede op die veiling verkoop word hetsy as graaddiere of andersins nie.
19. Ramme moet binne 30 dae voor die veilingsdatum vir vrugbaarheid getoets word. 'n Vrugbaarheidsertifikaat deur 'n veearts uitgereik moet die dag voor die veiling tydens keuring aan die inspekteurs oorhandig word. Sodanige sertifikaat moet bevestig dat die ram klinies ondersoek is, die saad mikroskopies getoets is, testes omvang aandui en die dek geskik is en vry is van enige besmetting. Die testes omvang van ramme moet as volg wees:

12 - 15 maande	30cm
15 - 18 maande	32cm
ouer as 18 maande	33cm

20. Die aantal toelaatbare inskrywings is as volg :

RAMME	OOIE
6 + 2 Reserwes (Slegs 6 mag gebring word)	15 + 2 Reserwes (15 mag gebring word)

21. Verkoopsrondtes:

Ooie word eerste verkoop gevolg deur ramme.

RAMME	OOIE
1e rondte - 2	1e rondte - 6
2e rondte – balans	2e rondte – balans

22. Die gemiddeld van elke verkoper se duurste 3 ramme bepaal die verkoopsvolgorde vir die daarop eenvolgende jaar. Die gemiddeld van elke verkoper se duurste 5 ooie bepaal die verkoopsvolgorde vir die daarop eenvolgende jaar.

Bylaag B

23. Nuwe verkopers se posisie sal deur middel van loting deur Stamboek bepaal word. Persoon wat 'n jaar oorgeslaan het se naam sal onderaan die lys van verkopers geplaas word maar bo die name van die nuwe verkopers. 'n Persoon wat egter vir twee agtereenvolgende jare nie skape op die veiling aangebied het nie sal as 'n nuweling beskou word.

24. DIERE INSRYF MAG SLEGS A.G.V. BAIE GOEIE REDES ONTTREK WORD. VERKOPE VOOR DIE TYD WORD NIE TOEGELAAT.

Voltooiing van Inskrywingsvorme

25. Inskrywingsvorme vir beide ramme en ooi word vir u gerief hierby aangeheg en u word versoek om asb. op die volgende te let wat betref die voltooiing daarvan:

- a. U naam en adres moet volledig voltooi word.
- b. Moet asseblief nie oormekaar skryf of doodkrap nie.
- c. U vul slegs die ID-nommer van die dier wat verkoop word op die inskrywingsvorm in. Die kantoor sal die volledige data van alle diere vanaf die stelsel aftrek.
- d. Verkopers aanvaar met die ondertekening van die inskrywingsvorme dat hulle die veilingsreëls deeglik nagegaan het en dat die reëls gevolglik bindend is op elke verkoper.

Keuringsprosedures tydens die Nasionale Veiling

26. Die keuringsproses tydens die Nasionale Veiling word gekoördineer deur die portefeulje lid vir veilings.

27. Drie plus een reserwe keurders word deur die raad aangestel. Hierdie keurders moet totaal onafhanklik wees en mag ook geen belang by die veiling hê nie.

28. Die koördineerder moet voor die tyd die keuringsvolgorde opstel en dit skriftelik aan die afslaaers deurgee. Groepe diere moet nie hardop uitgeroep word nie.

29. Lotnommers sal eers na die keuring aangebring word, met die uitsondering van die vroulike diere. (Daar is lammers wat kan rondloop en deurmekaar kan raak) Die behoorlike identifisering van die lammers moet ook nie agterwee gelaat word nie.

30. 'n Addisionele raadslid moet behulpsaam wees met die identifisering van diere op so 'n wyse dat die keurders geen insae daartoe het nie.

31. Geen inmenging van telers teenwoordig tydens keuring nie.

32. Uitslag van die keurings sal skriftelike na afloop van die keuring oorhandig word aan die telers. (Met die afkeur redes)

Bylaag B

33. Baie belangrik dat slegs die koördineerder van die keuring bewus sal wees met wie of watter diere gewerk word.
34. Geen dier sal gekeur word wat nie behoorlik volgens die bepalings van die Grondwet geïdentifiseer kan word nie.
35. Geen dier sal sonder die nodige veeartseny sertifikaat gekeur word nie. (Vrugbaarheid en dragtigheid)
36. Daar is nie 'n appelproses nie, die beslissing van die keurders is finaal. Hulle gaan ook nie kan redeneer met die teler oor waarom hulle die dier afgekeur het nie, want hulle gaan nie weet wie se dier hulle afkeur nie.
37. Elke dier wat gekeur word moet 'n werkblad hê, waarop afkeur redes duidelik aangeteken word. Die koördineerder sal die Lot of diernommer daarop aanbring sodra die keurders dit na afhandeling van die betrokke dier aan hom oorhandig. Hierdie werkblaaie tesame met die nodige veeartseny sertifikate sal veilig bewaar word vir latere verwysing.

Slot Gedagte

38. Poog om hoë eise aan u diere te stel en slegs die in te skryf waarmee u met vrymoedigheid self sal wil teel. Diere moet in 'n goeie kondisie wees maar nie oorvoer wees nie. Ramme moet fiks, aktief en beweeglik wees om met gemak te kan dek wanneer hulle na die veiling gebruik gaan word. Vrugbare dekbehendige ramme verseker die koper van maksimum lammers en gevolglik die maksimum inkomste uit sy belegging.
39. Die Genootskap wens u baie sterkte toe met u diere op die Nasionale Veiling en wil u ook bedank vir u deelname en rol wat u speel in die verbetering van ons wonderlike ras!